FREE STATE PROVINCE

# PROVINCIAL GAZETTE

# PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

*Published by Authority* *Uitgegee op Gesag*

No. 64

BLOEMFONTEIN, 21 August 2009

BLOEMFONTEIN, 21 Augustus 2009

## GENERAL NOTICE 4 OF 2009

### PUBLICATION OF THE FREE STATE LIQUOR AMENDMENT BILL, 2009

It is notified for general information and comment that the above-mentioned Bill is hereby published in terms of Rule 147 of the Rules and Orders of the Free State Legislature.

Any comments or remarks must be submitted to the Secretary: Free State Legislature, Private Bag X20561, Bloemfontein, 9300 to reach the office not later than **4 September 2009.**

SECRETARY: FREE STATE LEGISLATURE

## ALGEMENE KENNISGEWING 4 VAN 2009

### PUBLIKASIE VAN DIE VRYSTAATSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DRANK, 2009

Dit word vir algemene kennisname en kommentaar bekendgemaak dat bostaande Wetsontwerp hierby gepubliseer word in terme van Reël 147 van die Reëls en Orders van die Vrystaatse Wetgewer.

Enige kommentaar of opmerkings moet gestuur word aan die Sekretaris: Vrystaatse Wetgewer, Privaatsak X20561, Bloemfontein, 9300 om die kantoor nie later as **4 September 2009** te bereik nie.

SEKRETARIS: VRYSTAATSE WETGEWER

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ]Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

# BILL

**To amend the place of lodgement for new liquor applications; to extend the validity period of registrations and to provide for matters incidental thereto.**

**BE IT ENACTED** by the Provincial Legislature of the Free State Province as follows:

## Amendment of section 1 of Act No. 3 of 2007

**1.** Section 1 of the Free State Liquor Act, 2007 (Act No. 3 of 2007) (hereafter referred to as the "Act) is amended by substitution for the definition of "**municipality**" of the following definition -

" '**municipality**' means [**a category A or C municipality as defined in the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000)**] the relevant local municipality in which area the liquor registration is applicable;".

## Amendment of section 25 of Act No. 3 of 2007

**2.** Section 25 of the Act is amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Registration must not be for a period longer than [**five (5) years**] seven (7) years, but an application may be submitted anew in terms of the provisions of this Act."

## Amendment of section 27 of Act No. 3 of 2007

**3.** Section 27 of the Act is amended by –

(a) the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Every application for a new registration must be submitted at the [**relevant municipality**] Authority at offices designated by notice in the *Provincial Gazette* for the relevant area in which [**area**] the registration is sought.";

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ]Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenigns aan.

---

# WETSONTWERP

**Om die plek van indiening van nuwe aansoeke te wysig; om die geldigheidstydperk van registrasie te verleng en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

**Wysiging van artikel 1 van Wet Nr. 3 van 2007**

**1.** Artikel 1 van die Vrystaatse Drankwet, 2007 (Wet Nr. 3 van 2007) (hierna verwys as die "Wet") word gewysig deur die definisie van "**munisipaliteit**" met die volgende definisie te vervang:

" '**munisipaliteit**' **['n kategorie A of C munisipaliteit soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale-stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000)]** die betrokke plaaslike munisipaliteit in wie se area die drankregistrasie van toepassing is;".

**Wysiging van artikel 25 van Wet Nr. 3 van 2007**

**2.** Artikel 25 van die Wet word gewysig deur die vervanging van subartikel (3) met die volgende subartikel:

"(3) Registrasie mag nie vir 'n tydperk langer as **[vyf (5) jaar]** sewe (7) jaar wees nie, maar 'n aansoek mag van nuuts af ingevolge die bepalings van hierdie Wet ingedien word.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet Nr. 3 van 2007**

**3.** Artikel 27 van die Wet word gewysig deur –

(a) die vervanging van subartikel (1) met die volgende subartikel:

"(1) Elke aansoek vir 'n nuwe registrasie moet ingedien word by die **[relevante plaaslike munisipaliteit in wie se area]** Owerheid by kantore aangewys deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* vir die betrokke area waar die registrasie verlang word.";

(b) the deletion of subsection (3);

(c) the renumbering of subsection (4) to subsection (3) and the substitution of the former subsection (4) of the following subsection:

"([4]3) On receipt of the application by the Authority, said Authority must request -

(a) a report by a liquor inspector regarding the application which includes the information contemplated in section 28(1);

(b) a report from the South African Police Service regarding the application, which must include information regarding the suitability of the applicant and the information contemplated in section 28(2)[.]; and

(c) a report from the relevant municipality which must include the information contemplated in section 28(3).''; and

(d) the addition of the following subsection:

"(4) The municipality, liquor inspector and designated police officer contemplated in subsection (3) must compile and submit the relevant reports within the prescribed period.".

**Amendment of section 28 of Act No. 3 of 2007**

**4.** Section 28 is amended by the substitution for the section of the following section:

"**28.** (1) A report by a liquor inspector envisaged in section 27(3) must provide details on those matters prescribed or which ought, in the opinion of the liquor inspector, have to be taken into consideration in respect of application concerned.

(2) A report by a designated police officer envisaged in section 27(3) must provide details of those matters prescribed and matters which ought, in the opinion of the designated police officer, to be taken into consideration in respect of the application concerned.

(3) A report from the relevant municipality as envisaged in section 27(3) must provide information on -

(a) the zoning of the relevant premises;

(b) the impact on surrounding traffic patterns, traffic congestion, entrances and exits to and from the premises and parking requirements;

(b) die skrapping van subartikel (3);

(c) die hernommering van subartikel (4) na subartikel (3) en die vervanging van die vorige subartikel (4) met die volgende subartikel:

"([4]3) By ontvangs van die aansoek deur die Owerheid, moet genoemde Owerheid die volgende aanvra –

(a) 'n verslag van 'n drankinspekteur betreffende die aansoek wat die inligting beoog in artikel 28(1) insluit, bevat;

(b) 'n verslag van die Suid-Afrikaanse Polisiediens betreffende die aansoek, wat inligting betreffende die geskiktheid van die applikant en die inligting beoog in artikel 28(2) bevat, aanvra[.]; en

(c) 'n verslag van die betrokke munisipaliteit wat die inligting beoog in artikel 28(3) bevat."; en

(d) die invoeging van die volgende subartikel:

"(4) Die munisipaliteit, drankinspekteur en aangewese polisiebeampte beoog in subartikel (3) moet die betrokke verslae binne die voorgeskrewe tydperke saamstel en in dien.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet Nr. 3 van 2007**

4. Artikel 28 van die Wet word gewysig deur die vervanging van die artikel met die volgende artikel:

"28. (1) 'n Verslag deur 'n drankinspekteur soos beoog in artikel 27(3) moet besonderhede gee oor daardie sake wat voorgeskryf word of wat na die mening van die drankinspekteur ten opsigte van die betrokke aansoek in ag geneem moet word.

(2) 'n Verslag deur 'n aangewese polisiebeampte beoog in artikel 27(3) moet besonderhede gee van daardie voorgeskrewe aangeleenthede of wat, na die mening van die aangewese polisiebeampte, ten opsigte van die betrokke aansoek in ag geneem moet word.

(3) 'n Verslag van die relevante munisipaliteit soos beoog in artikel 27(3) moet inligting gee oor -

(a) die sonering van die betrokke area;

(b) die impak van omliggende verkeerspatrone, verkeersknope, ingange en uitgange na en van die perseel en parkeringsvereistes;

(c) environmental health; or

(d) any other matter which, in the opinion of the municipality, ought to be taken into consideration in respect of the application for registration.".

**Amendment of section 38 of Act No. 3 of 2007**

**5.** Section 38 of the Act is amended by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Registration lapses after the expiry of [**five (5) years**] seven (7) years from date of issuing of registration by the Authority.".

**Short title and commencement**

**6.** This Act is called the Free State Liquor Amendment Act, 2009, and comes into operation on a date to be determined by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette*.

(c) omgewingsgesondheid; of

(d) enige ander saak wat, na die mening van die munisipaliteit, ten opsigte van die aansoek om registrasie, in ag geneem moet word.".

**Wysiging van artikel 25 van Wet Nr. 3 van 2007**

**5.** Artikel 38 van die Wet word gewysig deur die vervanging van subartikel (7) met die volgende subartikel:

"(7) Registrasie verstryk na die verloop van **[vyf (5) jaar]** <u>sewe (7) jaar</u> vanaf die datum waarop die registrasie deur die Owerheid uitgereik is.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingwet op die Vrystaatse Drankwet, 2009, en tree in werking op 'n datum wat deur die Premier by wyse van proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal moet word.

# MEMORANDUM

## 1. PURPOSE

The Free State Liquor Act, 2007 (Act No. 3 of 2007) was promulgated on 9 November 2007. During preparations for the Regulations, various consultations and public hearings were held with stakeholders. Inputs received included, amongst others, recommendations that new applications should not be lodged at local municipalities.

The Amendment Bill therefore amends the place of lodgement for new applications to offices of the Liquor Authority. It furthermore extends the validity period of registration to 7 years.

## 2. CLAUSE-BY-CLAUSE EXPLANATION

### Clause 1

This clause amends the definition of "**municipality**" to make it clear that when reference is made to municipality it means the local municipality.

### Clause 2

This clause extends the validity period of registration to 7 years.

### Clause 3

Clause 3 amends section 27 of the Act, which relates to lodgement.

### Clause 4

Clause 4 amends section 28 of the Act by referring specifically to subsection (3) of section 27 which regulates the obligation on inspectors, police officers and the municipality to submit reports.

### Clause 5

This clause determines that registration lapses after 7 years.

### Clause 6

Clause 6 sets out the short title and commencement of the Act.

# MEMORANDUM

## 1. DOEL

Die Vrystaatse Drankwet, 2007 (Wet No. 3 van 2007) is afgekondig op 9 November 2007. Gedurende die voorbereidings vir die Regulasies is verskeie konsultasies en openbare verhore met belanghebbendes gehou. Insette soos ontvang, sluit onder andere in, aanbevelings dat nuwe aansoeke nie by plaaslike munisipaliteite ingedien moet word nie.

Die Wysigingswetsontwerp wysig dus die plek van indiening van nuwe aansoeke na die kantore van die Drankowerheid. Dit verleng ook die geldigheidstydperk van registrasie na 7 jaar.

## 2. KLOUSULE-VIR-KLOUSULE VERDUIDELIKING

**Klousule 1**

Hierdie klousule wysig die definisie van "**munisipaliteit**" om dit duidelik te maak dat 'n verwysing na munisipaliteit die plaaslike munisipaliteit beteken.

**Klousule 2**

Hierdie klousule verleng die tydperk waarvoor 'n registrasie toegeken kan word na 7 jaar.

**Klousule 3**

Klousule 3 wysig artikel 27 van die Wet, wat op indiening betrekking het.

**Klousule 4**

Klousule 4 wysig artikel 28 van die Wet deur spesifiek na subartikel (3) van artikel 27 te verwys wat die verpligting met betrekking tot die indiening van verslae van inspekteurs, polisie beamptes en die munisipaliteit reguleer.

**Klousule 5**

Hierdie klousule bepaal dat registrasie verval na 7 jaar.

**Klousule 6**

Klousule 6 gee die korttitel en die datum van inwerkingtreding van die Wet.